

# ROOFDIERVRIENDELIKE VLEIS????



**Dr Gerhard H Verdoorn, Gifinligtingsentrum, [neshher@tiscali.co.za](mailto:neshher@tiscali.co.za) 082-446-8946**

Bemaking is iets wat in 'n kantoor uitgedink word ter wille van 'n kompterende voordeel vir die maatskappy teenoor sy kompetisie. Dit mag eties wees of oneties wees, afhange van uit wie se oogpunt die bemakingsplan gesien word. Daar is dikwels hofgedinge tussen kompeteers as gevolg van gewaagde bemakingsveldtogte veral in Suid-Afrika waar dit onaanvaarbaar is om handelsmerke teen mekaar at te speel.

Vleis speel 'n al hoe groter rol in die Suid-Afrikaanse gemeenskap en soos wat die bevolking meer welvarend raak, word meer vleis geëet omdat mense dit makliker kan bekostig. Min mense vra vrae oor die herkoms van die vleis en hulle gee meestal nie om nie solank dit bekostigbaar is. Wat meeste mense egter vaagweg weet is dat die vleis deur boere geproduseer word iewers op 'n plaas mat al die romantiek daarom. Ongelukkig is daar soos wat in wiskunde gesê word, 'n diskordansie tussen die vleiesprodusent en die verbruiker: die verbruiker het nie meer kontak met die boer nie en die omgekeerde is ook waar.

As daar aankondigings gemaak word oor vleis wat roofdiervriendelik geproduseer en bemak gaan word, dan lui die klokke van skeptisisme ernstig in die ore van die algemene vleisprodusent. Wie gaan die arbiter wees om te besluit of die vleis "roofdiervriendelik" geproduseer word of is die bemaker sy eie waghond? Die predasiekwessie is 'n ernstige een en as 'n bepaalde handelaar die predasie op kleinvee veral as 'n nietigheid afmaak waarmee die produsent maar genoodsaak is om saam te leef, dan betwyfel ek as bewaarder, boer-sonder-plaas en raadgewer vir die Predasiebestuursforum die *bona fides* van die bemaking.

Daar is geen twee streke in Suid-Afrika waar predasie op dieselfde vlak deur dieselfde diere gepleeg word nie. Dus is daar geen enkele metode van predasiebestuur wat landswyd die probleem effektief en ekologies aanvaarbaar gaan bestuur nie. Die Predasiebestuursforum het alreeds myle ver geloop op die pad na ekologies aanpasbare predasiebestuur en die goue pad van geïntegreerde predasiebestuur gevestig. Dit sluit in voorkomende maatreëls, remediërende maatreëls, verandering in veebestuur en 'n kopskuif wat met alles saamgaan. 'n Groot aantal boere is alreeds deur die hande van skaapboer Niel Viljoen wat na my mening seker die beste aanslag op predasiebestuur nog in Suid-Afrika ontwikkel het. Die plase waar sy geïntegreerde predasiebestuur toegepas word, het bewys dat die persentasie van kleinveeverliese aan predasie van so hoog as 26% na so min as tussen 2% en 4% daal. Bygesê is daar bitter min omgewingsimpak wat plaasvind as gevolg van die implementering van die Niel Viljoen bestuursbeginsels en daar is beduidende verbetering ook in die algemene ekologie op sulke plase. Om te dink dat die blote ontplooiing van beskermende diere alleen die predasieprobleem die hoof gaan bied is onsin; dit sal op die kort termyn die probleem aanspreek totdat roofdiere ook aan die beskermende diere gewoond raak en hulle fnuik.

Miskien moet die verbruiker die kritiese vraag vra: as die "roofdiervriendelike" vleis meer as "gewone" vleis kos, wie maak die ekstra wins? Is dit die boer (ek twyfel) of is dit die bemaker en diegene wat agter die ding staan? Tweedens: waar die is die onafhanklike oudit vir hierdie nuwe foefie??? Ik heb geseg!